

NUUSBRIEF 10 DESEMBER 2018.

Kosbare broer en suster in Christus.

Hiermee ons nuusbrieff vir 10 Desember 2018, dankie dat jy bly saambid vir ons "Tipping point" gebed punte.

Les 18 van ons reeks oor herlewing – 2 Kron. 7: 13-15 is op die site beskikbaar, ons vertrou dit sal tot seën wees. (Lering afdeling) Hierdie is die slot episode, en som die vorige 17 lesse op, die hemelse resep vir herlewing.

Ons vra jou in alle nederigheid – oorweeg dit om 'n gebed groep te begin, of om by een aan te sluit as jou gemeente 'n gebed groep het. Begin dan om volgens 2 Kron. 7 13-15, les vir les vir ons land in te tree. Jy sal ryklike seën ontvang, en die geweldige voorreg en blydskap beleef on deel te kan wees van die komende herlewing in ons land!

Die gebed punte is opdateer - ons bly daaglik in gebed ingetree vir President Cyril Ramaphosa. Die vakansie tydperk bied vir ons meer geleentheid en tyd om stil te word, die Bybel te bestudeer, en om te bid. Ons mag (en moet) fisies rus, maar nooit mag ons geestelik rus nie, kom ons benut die extra tyd op ons hande om nog meer vir ons land en sy mense te bid – God sal dit seën!

Ek lees in broer Andrew se boek "Gods smuggler" die volgende verhaal:

*Hy vertel dat hy deur Roemenië gereis het in die 1960's, die tyd wat kommunisme op sy felste was. Meeste Roemeniërs met 'n universiteits- graad of ander gesogte kwalifikasie, het die land verlaat om kommunisme te ontsnap. Tydens sy reis kom hy op 'n Christen man en vrou af, wat 'n sukkel bestaan voer op 'n klein plaas. Die regering, volgens kommunistiese praktyk, het die meeste van die plaas se karige opbrengs gekonfiskeer. Beide van hulle was besonder goed gekwalifiseer, en Broer Andrew vra hulle die logiese vraag – waarom bly julle nog in Roemenië? Hulle antwoord as volg: " Our university degrees would be readily accepted in the west, at almost any university – **but if we left, then who would remain to pray for Romania?**" Wat 'n getuienis! Ons vraag aan jou, my dierbare Christen vriend, vriendin – as ek en jy dit nie doen nie – wie gaan oorbly om vir Suid Afrika te bid??*

God is nie klaar met Suid Afrika nie! Hy beplan iets groot vir ons en ons land – wat 'n vreugde om deel daarvan te mag wees, bly bid asb. moenie moedeloos word nie!

Seën,

MPG Gebed span.